

WARNINGS:

- Harmful if swallowed.
- Irritating to eyes and skin.
- May cause sensitization by skin contact.
- Toxic to fish.
- Store in a cool place away from sources of heat and naked flames.
- Keep unused **FARMAG ACETOCHLOR S 700** in this container tightly closed, locked up out of reach of children, uninformed persons, animals and away from food and feeds.
- **Re-entry interval:** do not enter treated field until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.
- **Aerial application:** notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate water or adjacent areas.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or the lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS:

- Wear eye protection (face shield) and rubber gloves when handling concentrate.
- Do not eat, drink or smoke while mixing, spraying or after washing hands and face.
- Change and wash work clothes after application.
- Wash with soap and water after application or accidental skin contact. In case of eye contact wash eyes with running water.
- Do not inhale spray mist and fumes.
- Avoid spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean applicator thoroughly after use and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers or dams.
- Invert the empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container.
- Destroy empty container, do not use for any other purpose.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.

RESISTANCE WARNING:

For resistance management, **FARMAG ACETOCHLOR S 700** is a group code K3 herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **FARMAG ACETOCHLOR S 700** and other group code K3 herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **FARMAG ACETOCHLOR S 700** or any other group code K3 herbicide.

To delay weed resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank-mix with products from different herbicide group codes.
- Integrate the control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

USE RESTRICTIONS:

- Do not use **FARMAG ACETOCHLOR S 700** on inbred parent lines of maize hybrids or experimental or newly released cultivars without first consulting with your chemical supplier or with the seed company concerned.
- Do not use **FARMAG ACETOCHLOR S 700** on poorly drained soils or soils with a compaction layer as under these conditions water logging can occur and the herbicide may cause crop injury.
- When tank mixing other herbicides with **FARMAG ACETOCHLOR S 700** the restrictions and warnings on the labels of the herbicides concerned, must be adhered to.

DIRECTIONS FOR USE: Use only as indicated.

Compatibility: No known cases of incompatibility with other agricultural chemicals have yet been reported. If tank mixes are however desired, first mix small quantities of the chemical separately in water - then add these together whilst stirring and check for any signs of incompatibility e.g. flocculation, etc., before making mixtures in spray tank.

Mixing instructions: Half fill the spray tank with clean water then add the required amount of **FARMAG ACETOCHLOR S 700** and stir thoroughly. When using tank mixes, mix the required volume of chemicals to be tank mixed with a little water before adding to the spray tank. Then fill the spray tank to the correct volume with water. Do not mix the products as concentrates. Ensure thorough agitation before and during spraying.

Application: **FARMAG ACETOCHLOR S 700** can be applied by means of a tractor drawn boom sprayer or equivalent equipment fitted with a choice and arrangement of flat fan-type spray nozzles ensuring even distribution and good recovery of spray mixture onto the soil. Apply in at least 200 l water/ha.

FARMAG ACETOCHLOR S 700 must ideally be applied immediately following planting but not later than 5 days after planting. Rain or sprinkler irrigation of at least 15 mm is needed after application to leach the chemical into the soil where weed seeds germinate. If however rainfall does not occur on time and weeds begin to emerge



FARMAG ACETOCHLOR S 700

Reg. No./Nr: L 7413 Act/Wet 36 of/van 1947

An emulsifiable concentrate herbicide with added safener for the pre-emergence control of annual grasses and certain broadleaf weeds in maize, sweet corn, potatoes, sugarcane and groundnuts.

'n Emulgeerbare konsentraat onkruidodder plus beveiliging vir die vooropkombeheer van eenjarige grasses en sekere breëblaaronkruid in mielies, suikermielies, aartappels, suikerriet en grondbone.

HRAC HERBICIDE GROUP CODE	K3	HRAC ONKRUIDDODER GROEPEKODE
----------------------------------	-----------	-------------------------------------

ACTIVE INGREDIENT/ AKTIEWE BESTANDDEEL:

Acetochlor (chloroacetanilide) 700 g/ℓ Asetochloor (chloroasetanilied)
Dichlormid (antidote) 92 g/ℓ Dichlormied (beveiliging)

Manufacture Date:
Vervaardigingsdatum

Batch No.:
Lotnommer

NET CONTENTS/NETTO INHOUD

**SEE ENCLOSED LEAFLET FOR FULL PARTICULARS
SIEN INGESLOTE VOUJILJET VIR VOLLE BESONDERHEDE**

REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER:

CASTLE AG-CHEM (PTY) LTD.

Reg. No / -nr. 2007/033120/07

22 Burnside Drive, Old Mill Industrial Park, Mount Edgecombe, South Africa, 4000 • Tel: 031 538 8700

UN NO: 3082



CAUTION
VERSIGTIG



and develop, a shallow cultivation must be carried out to destroy these weeds and to mix the herbicide with the upper 10–20 mm of soil. To ensure good weed control the seedbed must be fine, firm and free of any existing weed growth or excessive crop residues prior to application.

Aerial application: Aerial application of **FARMAG ACETOCHLOR S 700** may only be done by a registered aerial application operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS 10118: 2009 (Aerial Application of Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

- **Volume:** A spray mixture volume of 30–40 l/ha is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerielly at a lower volume rate than recommended above.
- **Droplet coverage:** 25–35 droplets/cm² must be recovered at the target area.
- **Droplet size:** a droplet spectrum with a VMD of 350–400 micron is recommended. Limit the forming of fine droplets less than 150 micron (high drift and evaporation potential) to a minimum.
- **Flying height:** maintain the height of the spray boom at 3–4 m above the target. Do not spray when aircraft dives, is in a climb or when banking.
- Use suitable **atomising equipment** that will produce the desired

droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.

- Position all the atomisers within the inner 60–75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the **wingtip vortices**.
- The difference in **temperature** between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8 °C.
- Stop spraying if the **wind speed** exceeds 15 km/h.
- Stop spraying under **turbulent**, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature **inversion conditions** (spraying in or above the inversion layer) and/or **high humidity conditions** (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
 - a) reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
 - b) damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

FARMAG ACETOCHLOR S 700 plus CASTLE ATRAZINE 500 (maize only) can be applied aerielly provided that the spray mixture is distributed evenly over the target area and the loss of spray material during application is restricted to a minimum.

1. MAIZE AND SWEET CORN:

CLAY (%)	FARMAG ACETOCHLOR S 700 (l/ha)	REMARKS
0–10	0,7–1,7	Use the lower dosage rate if a short period of weed control is required between application and cultivation and/or a follow-up application. The higher rates must be used in cases of high grass pressure and/or for the suppression of yellow nutsedge.
11–15	0,9–2,1	
16–20	1,1–2,1	
21–30	1,4–2,4	
31–40	1,7–2,7	
41–55	2,7	

Note: Low temperatures and/or heavy prolonged rains soon after planting may cause herbicide damage to the crop such as reduced germination, stunting, etc. These symptoms can be aggravated when seed is planted too deep. Seed smaller than 4 flat has a higher risk for damage.

2. MAIZE (tank mix applications):

2.1 Broadleaf weeds and grasses will be controlled, and yellow nutsedge will be controlled under certain conditions, with tank mixtures of **FARMAG ACETOCHLOR S 700 plus CASTLE ATRAZINE 500** as follows:

CLAY (%)	DOSAGE (l/ha)	
	FARMAG ACETOCHLOR S 700 + CASTLE ATRAZINE 500	
0–10	0,7–1,7	2,50
11–15	0,9–2,1	3,25
16–20	1,1–2,1	3,25
21–30	1,4–2,4	4,00
31–40	1,7–2,7	4,75
41–55	2,7	5,00

For full particulars and list of weeds controlled consult the **CASTLE ATRAZINE 500** label.

Remarks:

- a) Use the higher application rate of **FARMAG ACETOCHLOR S 700** if conditional yellow nutsedge control is required (for conditions refer to list of weeds variably controlled).
- b) Use the higher application rate of **FARMAG ACETOCHLOR S 700** under conditions of high grass pressure (especially crab finger-grass) in regions with high rainfall.

2.2 Northern and Western Free State and North West Province only - Broadleaf weeds and grasses will be controlled with a tank mixture of **FARMAG ACETOCHLOR S 700** plus **CASTLE ATRAZINE 500** as follows:

CLAY (%)	DOSAGE (ℓ/ha)		REMARKS
	FARMAG ACETOCHLOR S 700 + CASTLE ATRAZINE 500		
0-10	0,7	2,25	Yellow nutsedge (<i>Cyperus esculentus</i>) control will not be satisfactory. Thorn apple species (<i>Datura</i> spp) as well as khaki weed (<i>Tagetes minuta</i>) may not be controlled later in the season.
11-15	0,9	2,25	
16-20	1,1	2,50	
20-30	1,4	2,75	

Remarks:

- a) In some cases it is the preferred practice at planting to incorporate a thiocarbamate herbicide and thereafter to apply, post emergence to the crop, tank mixtures. The aforementioned tank mixtures of **FARMAG ACETOCHLOR S 700** may be used in such cases provided that **FARMAG ACETOCHLOR S 700** is only sprayed pre-emergence to the weeds as it possesses no post-emergence herbicidal activity. It is recommended that such applications are not made later than the 5-leaf stage of the maize as the leaves of the crop may prevent the spray mixture from reaching the soil.
- b) Consult the **CASTLE ATRAZINE 500** label with regard to recommendations, use restrictions, waiting periods for follow up crops, list of weeds controlled, etc.

3. GROUNDNUTS:

CLAY (%)	FARMAG ACETOCHLOR S 700 (ℓ/ha)	REMARKS
0-10	1,0-2,1	Use the higher rates if longer and better control of broadleaves and yellow nutsedge is required.
11-30	1,4-4,1	

4. SUGAR CANE:

CLAY (%)	FARMAG ACETOCHLOR S 700 (ℓ/ha)	REMARKS
0-35	2,7	FARMAG ACETOCHLOR S 700 should be tank mixed with the following broadleaf herbicides as listed below.
>35	4,1	

Tank mixtures:

- a) **DIURON 800 SC:** use 3 ℓ/ha pre-emergence.
- b) **CASTLE ATRAZINE 500:** use 2-3 ℓ/ha pre-emergence only. Use the lower rate on soils with up to 35 % clay and the higher rate on heavier soils.

5. POTATOES:

CLAY (%)	FARMAG ACETOCHLOR S 700 (ℓ/ha)	REMARKS
0-10	0,90	Apply under irrigation only.
11-20	1,90	
21-30	2,10	
>30	3,90	

Note: cold conditions after a **FARMAG ACETOCHLOR S 700** application might cause crop injury.

WEED CONTROL: Refer to list of weeds controlled below. The control of yellow nutsedge as well as some broadleaf weeds may be variable depending on favorable conditions. Refer to list of variable weed control for specific information. To increase the spectrum of broadleaf weeds controlled, it is recommended that either tank mixes or follow up application of standard registered broadleaf herbicides are used in combination with **FARMAG ACETOCHLOR S 700**, in accordance with the manufacturer's label recommendations.

List of weeds controlled by FARMAG ACETOCHLOR S 700:

Annual grasses:

<i>Chloris virgate</i>	feathertop Chloris	<i>Panicum schinzii</i>	sweet buffalo grass
<i>Digitaria sanguinalis</i>	crab finger-grass	<i>Setaria verticillata</i>	sticky bristle grass
<i>Elyusine coracana</i>	goose grass	<i>Urochloa panicoides</i>	herringbone grass

Annual broadleaf weeds:

<i>Amaranthus hybridus</i>	Cape pigweed	<i>Galinsoga parviflora</i>	gallant soldier
<i>Amaranthus spinosus</i>	thorny pigweed	<i>Portulaca oleracea</i>	purslane
<i>Chenopodium album</i>	white goosefoot	<i>Tagetes minuta</i>	khaki weed
<i>Commelina benghalensis</i>	Benghal wandering Jew		

Control of the following weeds is variable:

<i>Cyperus esculentus</i>	yellow nutsedge
<i>Cleome monophylla</i>	spindlepod

Cyperus esculentus control may only be achieved under the following conditions:

1. Planting into a fine and firm seedbed must be directly preceded by a deep mouldboard ploughing.
2. Spraying must take place within 2 days after planting and sufficient continual soaking rain (at least 15 mm on light soils and 22 mm on heavy soils) has to occur before the yellow nutsedge plants start to germinate and develop.

WAARSKUWINGS:

- Skadelik wanneer ingestuk word.
- Verorsaak vel- en oog irritasie.
- Mag sensitiserings veroorsaak deur velkontak
- Giftig vir visse.
- Bêre in 'n koel plek weg van hitte en oop vlamme.
- Bêre ongebruikte **FARMAG ACETOCHLOR S 700** in hierdie houër, dig toegemaak en weggesluit buite bereik van kinders, oningeligte persone, diere en weg van voedsel en voer.
- **Herbetredingsinterval:** moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie tensy beskermende klere gedra word.
- **Lugtoediening:** stel al die inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat besuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor water of aangrensende gebiede spuit of die spuitstof toelaat om dit te besoedel nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verduunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing, of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS:

- Dra oogbeskerming (gesigskerm) en rubber handskoene wanneer konsentraat hanteer word.
- Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word nie.
- Trek werksklere uit na toediening en was dit.
- Was met seep en water na toediening en na per abuisse velkontak. In geval van oogkontak was oë met lopende water.
- Moet nie spuitnewel of dampe inasem nie.
- Vermo oorvaai van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Maak toediener deeglik skoon na gebruik en gooi waswater waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Keer die leë houër om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeitot 'n gedrup verminder het. Spoel die houër daarna driemaal uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die inhoud van die houër. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houër vernietig word.
- Vernietig leë houër en moet nooit vir enige ander doel hergebruik nie.
- Voorkom besoedeling van kos, voer, drinkwater en eetgerei.

WEERSTANDSWAARSKUWING: FARMAG ACETOCHLOR S 700 is 'n groepkode K3 onkruiddoder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **FARMAG ACETOCHLOR S 700** of enige ander groepkode K3 onkruiddoders het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **FARMAG ACETOCHLOR S 700** of enige ander groepkode K3 onkruiddoder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te verhoog:

- Vermoë die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruidoddergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidodderprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSBEPERKINGS:

1. Moet nie **FARMAG ACETOCHLOR S 700** toedien op ingeteelde oerplante van meliebasters, proef- of nuutvrygestelde meliekultivars sonder om eers u verskaffer of saadfirma vooraf te raadpleeg nie.
2. Moet nie **FARMAG ACETOCHLOR S 700** toedien op swak gedreineerde grond of grond met 'n verdigtingstaag nie, aangesien die produk onder hierdie toestande gewasskade mag veroorsaak.
3. Wanneer tenkmengsels van **FARMAG ACETOCHLOR S 700** en ander onkruidodders gemaak word, moet die waarskuwings en gebruiksbepelings soos vermeld op die betrokke etikette sorgvuldig nagekom word.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

Verenigbaarheid: Daar bestaan geen bekende gevalle van onverenigbaarheid van **FARMAG ACETOCHLOR S 700** met ander landboumiddels nie. Indien tenkmengsels verkies word, word aanbeveel dat klein hoeveelhede van die middels eers afsonderlik vooraf met water gemeng word. Voeg vervolgens hierdie mengsels bymekaar terwyl gedurig geroer word en let dan op vir tekens van onverenigbaarheid bv. flokkulasie, ens., voordat sulke mengsels in spuittenk gemaak word.

Menginstruksies: Maak die spuittenk halfvol met skoon water en voeg dan die benodigde hoeveelheid **FARMAG ACETOCHLOR S 700** by terwyl deeglik geroer word. Wanneer tenkmengsels gebruik word, meng die benodigde volume chemikalieë vir die mengsel met 'n bietjie water voor dit by die spuittenk gevoeg word. Vul nou die spuittenk met water tot by die korrekte volume. Moet nie die produkte as konsentrate meng nie. Verseker deeglike roering voor en tydens toediening.

Toediening: **FARMAG ACETOCHLOR S 700** kan toegedien word d.m.v. 'n trekker gemonteerde balkspuit of soortgelyke spuitapparaat toegerus met 'n keuse en rangskikking van platwaaier tipe spuitpunte sodanig dat goeie egale herwinning van spuitmengsel op die grond verkry word. Dien toe in ten minste 200 l water/ha.

FARMAG ACETOCHLOR S 700 moet verkieslik direk na die plantproses toegedien word, maar beslis binne 5 dae na plant. Reën of sprinkelbesproeiing van ten minste 15 mm is nodig na toediening om die onkruidodders in die grond in te loog waar onkruid sade ontkiem. Indien voldoende reën egter nie voorkom nie en onkruid ontkiem en begin ontwikkel moet 'n vlakbewerking uitgevoer word ten einde hierdie onkruid te vernietig en die onkruidodder

terselfdertyd met die boonste 10–20 mm grond te vermeng. Om goeie onkruidbeheer te verkry moet die saadbed fyn, ferm en vry wees van enige bestaande onkruidgroei en oormatige plantreste voordat **FARMAG ACETOCHLOR S 700** toegedien word.

Lugtoediening: **FARMAG ACETOCHLOR S 700** kan slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118: 2009 (Aerial Application of Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- **Volume:** 'n spuitmengsel volume van 30–40 l/ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppelbedekking:** 25–35 druppels/cm² moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n druppelspektrum met 'n VMD van 350–400 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3–4 m. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte **atomiseringsapparaat** wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60–75 % van die vierkants om te verhoed dat druppels binne in die **vierkantsvortek** beweeg.
- Die verskil in **temperatuur** tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaighrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Staak bespuiting indien die **windspoed** 15 km/uur oorskry.
- Staak bespuiting tydens **turbulente**, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur **inversie toestande** (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of **hoë lugvog toestande** (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - a) verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

FARMAG ACETOCHLOR S 700 plus CASTLE ATRAZINE 500 (slegs mielies) kan deur middel van lugbespuiting toegedien word mits die spuitstof egalig oor die teikengebied versprei word en die verlies aan spuitmiddel tydens toediening tot 'n minimum beperk word.

1. MIELIES EN SUIKERMIELIES:

KLEI (%)	FARMAG ACETOCHLOR S 700 (ℓ/ha)	OPMERKINGS
0–10	0,7–1,7	Gebruik die laer toedienings-hoeveelheid waar 'n kort periode van onkruidbeheer benodig word tussen toediening en 'n skoffelbewerking en/of 'n opvolgbespuiting. In gevalle van hoë-grasdruk en/of geeluintjie-onderdrukking moet die hoër toedieningshoeveelheid gebruik word.
11–15	0,9–2,1	
16–20	1,1–2,1	
21–30	1,4–2,4	
31–40	1,7–2,7	
41–55	2,7	

Let wel: Lae temperature en/of swaar aanhoudende reën direk na plant kan onkruidodderskade soos swak ontkieming, groeivertraging, ens. van die gewas tot gevolg hê. Hierdie simptome kan vererger wanneer saad te diep geplant word. Saad kleiner as 4 plat het 'n hoër risiko vir beskadiging.

2. MIELIES (tenkmengsel toedienings):

2.1 Breëblaaronkruid en grasse sal beheer word en onder gunstige toestande sal geeluintjies voorwaardelik beheer word met die volgende tenkmengsels van **FARMAG ACETOCHLOR S 700 plus CASTLE ATRAZINE 500**.

KLEI (%)	DOSIS (ℓ/ha)	
	FARMAG ACETOCHLOR S 700 + CASTLE ATRAZINE 500	
0–10	0,7–1,7	2,50
11–15	0,9–2,1	3,25
16–20	1,1–2,1	3,25
21–30	1,4–2,4	4,00
31–40	1,7–2,7	4,75
41–55	2,7	5,00

Vir volledige besonderhede en lys van onkruid wat beheer word raadpleeg die **CASTLE ATRAZINE 500** etiket.

Opmerkings:

- Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid van **FARMAG ACETOCHLOR S 700** indien voorwaardelike geeluintjiebeheer verlang word. (Verwys na lys van onkruid wat wisselvallig beheer word vir voorwaardes).
- Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid van **FARMAG ACETOCHLOR S 700** onder toestande van baie hoë grasdruk (veral van kruisvingergras) in gebiede met hoë reënval.

2.2 **Slegs Noord-en Wes-Vrystaat en Noordwes Provinsie.** Breëblaaronkruid en gras sal beheer word met die volgende tenkmengsels van **FARMAG ACETOCHLOR S 700 plus CASTLE ATRAZINE 500**.

KLEI (%)	DOSIS (ℓ/ha)		OPMERKINGS
	FARMAG ACETOCHLOR S 700 + CASTLE ATRAZINE 500		
0–10	0,7	2,25	Geeluintjie (<i>Cyperus esculentus</i>) beheer sal nie bevredigend wees nie. Olieboomsorte (<i>Datura spp</i>) asook kakiebos (<i>Tagetes minuta</i>) mag moontlik nie die hele seisoen beheer word nie.
11–15	0,9	2,25	
16–20	1,1	2,5	
21–30	1,4	2,75	

Opmerkings:

- In sommige gevalle is dit praktyk om voor plant eers 'n tiokarbamaat in die grond in te werk en daarna, naopkom van die gewas, op te volg met tenkmengsels. Bogenelde tenkmengsels van **FARMAG ACETOCHLOR S 700** kan in sulke gevalle toegedien word maar daar moet deeglik op gelet word dat **FARMAG ACETOCHLOR S 700** slegs vooropkom aktiwiteit het, en beslis nie na-opkom van die onkruid gespuit moet word nie. Daar word aanbeveel om nie later as die 5-blaarstadium van die mielies te spuit nie aangesien die blare van die gewas dan te veel van die spuitmengsel van die grond kan wegkeer.

- b) Raadpleeg die **CASTLE ATRAZINE 500** etiket met betrekking tot aanbevelings, gebruiksbepelings, wagperiodes vir opvolggewasse, lys van onkruid wat beheer word, ens.

3. GRONDBONE:

KLEI (%)	FARMAG ACETOCHLOR S 700 (ℓ/ha)	OPMERKINGS
0–10	1,0–2,1	Gebruik die hoër dosis indien langer grasbeheer en/of voorwaardelike geeluintjiebeheer verlang word.
11–30	1,4–4,1	

4. SUIKERRIET:

KLEI (%)	FARMAG ACETOCHLOR S 700 (ℓ/ha)	OPMERKINGS
0–35	2,7	Tenkingsels van FARMAG ACETOCHLOR S 700 met die ondergemelde breëblaaronkruidodders word aanbeveel.
>35	4,1	

Tenkingsels:

- a) **DIURON 800 SC**: gebruik 3 ℓ/ha vooropkom.
 b) **CASTLE ATRAZINE 500**: gebruik 2–3 ℓ/ha vooropkom. Gebruik die laer dosis vir gronde tot en met 35 % klei en die hoër dosis op swaarder gronde.

5. AARTAPPELS:

KLEI (%)	FARMAG ACETOCHLOR S 700 (ℓ/ha)	OPMERKINGS
0–10	0,90	Dien slegs onder besproeiing toe.
11–20	1,90	
21–30	2,10	
>30	3,90	

Let wel: koue toestande na 'n FARMAG ACETOCHLOR S 700 toediening mag gewasskade tot gevolg hê.

ONKRUIDBEHEER: Verwys na die onderstaande lys vir onkruid wat beheer word. Die beheer van geeluintjies asook sekere breëblaaronkruid mag wisselvallig wees. Vir spesifieke inligting verwys na lys van onkruid wat wisselvallig beheer word. Indien dit verlang word om die spektrum van breëblaaronkruid wat beheer word te vergroot, word aanbeveel dat kombinasies met **FARMAG ACETOCHLOR S 700** gemaak word d.m.v. of tenkingsels of opvolgbesuitings van standaard geregistreerde breëblaaronkruidodders. Sulke toedienings moet gemaak word in ooreenstemming met die etiketaanbevelings van die betrokke produkte soos deur die vervaardigers voorgeskryf.

Lys van onkruid wat deur FARMAG ACETOCHLOR S 700 beheer word:

Eenjarige grasse:

<i>Chloris virgate</i>	fwitpluimchloris	<i>Panicum schinzii</i>	soetbuffelsgras
<i>Digitaria sanguinalis</i>	kruisvingergras	<i>Setaria verticillata</i>	klitsborselgras
<i>Eleusine coracana</i>	jongosgras	<i>Urochloa panicoides</i>	beesgras

Eenjarige breëblare:

<i>Amaranthus hybridus</i>	Kaapse misbredie	<i>Galinsoga parviflora</i>	knopkruid
<i>Amaranthus spinosus</i>	doringmisbredie	<i>Portulaca oleracea</i>	porslein
<i>Chenopodium album</i>	withondebossie	<i>Tagetes minuta</i>	kakiebos
<i>Commelina benghalensis</i>	Bengaalse wandelende Jood		

Onkruid wat wisselvallig beheer word:

<i>Cyperus esculentus</i>	geeluintjie
<i>Cleome monophylla</i>	rusperbossie

Cyperus esculentus beheer sal slegs onder die volgende toestande verkry word:

- Die plantproses moet direk voorafgegaan word deur 'n diep rysterbordploeg-bewerking direk gevolg deur verdere grondvoorbereiding om saadbed fyn, gelyk en ferm te kry.
- Toediening van **FARMAG ACETOCHLOR S 700** moet binne 2 dae na die plantproses volg. Voldoende aanhoudende deurdringende reën (ten minste 15 mm op ligte grond en 25 mm op swaar gronde) moet na toediening volg voordat geeluintjies begin om te ontkiem en te ontwikkel.



FARMAG ACETOCHLOR S 700

Reg. No./Nr: L 7413 Act/Wet 36 of/van 1947

An emulsifiable concentrate herbicide with added safener for the pre-emergence control of annual grasses and certain broadleaf weeds in maize, sweet corn, potatoes, sugarcane and groundnuts.

'n Emulgeerbare konsentraat onkruidodder plus beveiliger vir die vooropkombeheer van eenjarige grasses en sekere breëblaaronkruid in mielies, suikermielies, aartappels, suikerriet en grondbone.

HRAC HERBICIDE GROUP CODE	K3	HRAC ONKRUIDDODER GROEPEKODE
----------------------------------	-----------	-------------------------------------

ACTIVE INGREDIENT/ AKTIEWE BESTANDDEEL:

Acetochlor (chloroacetanilide) 700 g/ℓ Asetochloor (chloroasetanilied)
Dichlormid (antidote) 92 g/ℓ Dichlormied (beveiliger)

Manufacture Date:
Vervaardigingsdatum

Batch No.:
Lotnommer

NET CONTENTS/NETTO INHOUD

**SEE ENCLOSED LEAFLET FOR FULL PARTICULARS
SIEN INGESLOTE VOUJILJET VIR VOLLE BESONDERHEDE**

REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER:

CASTLE AG-CHEM (PTY) LTD.

Reg. No / -nr. 2007/033120/07

22 Burnside Drive, Old Mill Industrial Park, Mount Edgecombe, South Africa, 4000 • Tel: 031 538 8700

UN NO: 3082



CAUTION
VERSIGTIG

